Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 21 SEPTEMBER 2016 OM 08:30

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdv M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl

Ander raadslede:
Rdl M A Rangasamy

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdv M S I Goliath open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 24 AUGUSTUS 2016

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 24 Augustus 2016 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 14 SEPTEMBER 2016
[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 14 SEPTEMBER 2016

5.1.1 ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE VAN 24 AUGUSTUS 2016

Geen

7. NUWE SAKE

7.1 HOË VLAK VERSLAG RAKENDE KONSEP FINANSIËLE STATE 2015/2016 (5/1/2-2015/2016)

Die Direkteur: Finansiële Dienste noem dat die doel van die verslag is om 'n breë oorsig aan die komitee te gee van die 2015/2016 konsep finansiële state. Enkele belangrike aspekte word uitgewys, onder andere die verhoging in opgehoopte surplusse, die stand van die kapitaalvervangingsreserwefonds en die balans op eksterne lenings.

Die voorsitter bedank die Direkteur: Finansiële Dienste vir die verslag en noem dat daar tydens gesprekke rakende die 2017/2018 begrotingsproses oorweging verleen moet word om 'n versekeringsfonds in te stel ten opsigte van klein risiko's, aangesien die versekeraar nie sy verpligtinge nakom nie. Die voorsitter versoek verder dat die kapitaalvervangingsreserwefonds ook tydens voormelde proses bespreek word.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die verslag rakende die ongeouditeerde finansiële state vir die 2015/2016 finansiële jaar;

(b) Dat die bydraes vir 2015/2016 soos volg goedgekeur word:

Kapitaalvervangingsfonds:	R 67 004 028
Voorsiening vir slegte skuld:	R 10 488 115
Verlofgratifikasie:	R 1 370 828
Voorsiening vir langdiensbonus:	R 1 108 582
Voorsiening vir na-aftrede:	R 10 536 869
Totaal:	**R 90 508 422**

(c)/...

7.1/...

(c) Dat kennis geneem word dat die Interne Ouditafdeling in proses is om die voormelde twee gevalle ten bedrae van R424 566 ten opsigte van onreëlmatige uitgawes te ondersoek, en dat daar aan die Raad gerapporteer sal word sodra die ondersoek afgehandel is.

7.2 MOORREESBURG (SAMOA) RUGBY VOETBALKLUB: AANSOEK OM DRANKLISENSIE BY ROSENHOF SPORTGRONDE, MOORREESBURG (14/3/1)

'n Aansoek is ontvang vanaf die Moorreesburg (Samoa) Rugby Voetbalklub om goedkeuring te verleen, ten einde aansoek te doen vir die verkryging van 'n permanente dranklisensie vanaf die Wes-Kaapse Drankowerheid ten opsigte van die onthaalgedeelte by die Rosenhof-sportgronde.

Die klub moet telkens, wanneer wedstryde aangebied word, vir 'n tydelike lisensie ten bedrae van R400 aansoek doen. Daarenteen beloop die kostes vir 'n permanente lisensie 'n jaarlikse hernuwingsfooi van R3 000.00.

Die sonering van erf 1133, Moorreesburg maak voorsiening vir die verkoop en verbruik van drank op die perseel, sou die dranklisensie aansoek suksesvol wees.

Die aansoek van Samoa is verwys na die Moorreesburg Sportforum wat die aansoek ondersteun.

BESLUIT

(a) Dat, gebaseer op die steun wat deur die Moorreesburg Sportforum uitgespreek is, goedkeuring verleen word aan die Moorreesburg Samoa Rugby Voetbalklub om ‘n aansoek tot die Wes-Kaapse Drankowerheid te mag rig vir die verkryging van ‘n permanente dranklisensie ten opsigte van die onthaalgedeelte by die Rosenhof-sportgronde geleë te erf 1133, Moorreesburg;

(b) Dat die aansoeker aanspreeklik sal wees vir alle kostes wat met die aansoek gepaardgaan of daaruit mag voortspruit, ingesluit alle uitgawes om kroeggeriewe en gepaardgaande infrastruktuur te skep en te onderhou, en om vir voldoende sekuriteit/beveiliging van die perseel en enige voorraad wat daar gestoor word voorsiening te maak;

(c) Dat bogemelde magtiging nie impliseer dat die rugbyklub, indien die lisensie wel toegestaan word, op ‘n voltydse basis die kroeggeriewe mag bedryf nie, maar slegs op die datums en tye ooreenkomstig die spelrooster wat hul jaarliks moet indien of op sodanige alternatiewe datums en tye soos met die Munisipaliteit se sportbeampte ooreengekom;

(d) Dat geen drankverkope mag plaasvind tydens sportbyeenkomste waarby skoolgaande jeug betrokke is nie;

(e) Dat die operasionele ure verder onderhewig sal wees aan die ure soos van toepassing op die bepaalde liggingskategorie (nywerheid) in die Munisipaliteit se Verordening insake Beheer oor Ondernemings wat Drank aan die Publiek Verkoop, soos afgekondig in Buitengewone Provinsiale Koerant 7394 gedateer 22 Mei 2015.

7.3 KAAPSE/WESKUS SWARTLAND TOERISME-ORGANISASIE: 2015/2016 FINANSIËLE JAAR: (i) VOORSITTERSVERSLAG; (ii) PRESTASIEBESTUURS-INDIKATORE; (iii) FINANSIËLE STATE (9/1/3/2/1)

Die Raad het 'n diensvlakooreenkoms met die Kaapse Weskus/Swartland Toerisme-organisasie ten opsigte van die uitvoering van bepaalde toerisme funksies. Die ooreenkoms bepaal – onder andere – dat die volgende dokumente aan die Raad voorgelê word:

7.3/...

- Voorsittersverslag
- Prestasiebestuursindikatore;
- Finansiële State.

Die voorsitter bring dit onder die aandag van die komitee dat daar ongelukkigheid heers onder die toerismeburo's aangaande die permanente amptenaar by die Darling Toersimeburo wat in diens van die munisipaliteit is.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste noem dat die model vir die lewering van die toerisme funksie hersien sal moet word, aangesien Malmesbury Toerismeburo ook aangedui het dat die munisipaliteit verantwoordelik moet wees vir die voltydse toerismebeamptes.

BESLUIT

Dat daar kennis geneem word van –

(a) Die inhoud van die Voorsittersverslag;
(b) Die meting van die prestasiebestuursindikatore vir die periode 1 Julie 2015 tot 30 Junie 2016; en
(c) Die inhoud van die finansiële state vir die 2015/2016 finansiële jaar.

7.4 UITSTAANDE DEBITEURE – AUGUSTUS 2016 (5/7/1/1/MY)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

Die voorsitter versoek dat die volgende aspekte aandag sal geniet wanneer die Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid tydens die begrotingsproses hersien word, naamlik –

- Oorweeg glyskale vir die toekenning van deernissubsie ooreenkomstig die inkomste van die huishouding;
- Oorweeg die betaling van 'n vaste tarief om maandeliks vir deernissubsidie te kwalifiseer.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van Augustus 2016;

(b) Dat opgedateerde lyste van almal wat 'n deernissubsidie ontvang per wyk aan die wyksraadslede voorsien word om dit deur te werk om gevalle uit te wys wat moontlik nie vir 'n subsidie kwalifiseer nie.

7.5 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER